

INHOUD

Voorwoord

1	Hy kom gou - maar Hy neem ook sy tyd	1
2	Antichris en antichriste	6
3	Die verwoesting van die kerk	13
4	Die Here tegemoet in die lug	20
5	Jesus kom soos 'n dief in die nag	27
6	Die Here se koms in vuur en vlam	34
7	Die Antichris - die Evangelie wat hom stuit	40
8	Die kerk in haar uiterste afsondering	47
9	Die Antichris - sy verskyning	55
10	Die Antichris se wond genees	62
11	Die valse kerk 'n prostituut	71
12	Kyk, Hy kom met die wolke!	77
13	Die Antichris se verdelging	84
14	Oorwinningslied oor die Antichris	91
15	Die Lam se bruilofsmaaltyd	98

VOORWOORD

“Kyk, Hy kom met die wolke!” (Openbaring 1:7). Ons moet goed kyk. Hier staan nie dat Hy eendag in die toekoms sal kom nie, maar Jesus Christus is reeds vandag, in die teenwoordige tyd, op sy pad. Hy het wel nog nie verskyn nie. Weldra op ‘n sekere dag in die toekoms, sal dit gebeur; “en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het” (vers 7b). Hier staan ook nie dat Hy op die wolke kom nie, maar met die wolke - met die donker wolke van God se oordele oor die mensdom. (Dit sal ons in hierdie boek agterkom). Natuurlik sal Hy ook op die wolke kom (Openb. 14:14 en 15) en in die wolke, soos met sy hemelvaart (Hand. 1:11).

Ja, kyk na die wolke! Elke keer herinner dit ons aan Jesus se wederkoms. Soos wat die reënboog ons elke keer daaraan herinner dat die aarde nie weer deur water sal vergaan nie (Gen. 9:11), maar deur vuur (2 Pet. 3:19), so word ons elke dag, as ons die groot donderwolke sien, herinner aan daardie “groot en deurlugtige dag van die Here” met Jesus se wederkoms (Hand. 2:20).

O, en ons in Suid-Afrika ken dit so goed. Uit die klein wolkie bou dit op tot ‘n massale, angswekkende skouspel in die natuur. Een van ons digters het dit so goed raakgesien:

*Soos ‘n vlokkie skuim uit die sferes se ruim
Kom ‘n wolkie aangesweef,
Maar hy groei in die blou tot ‘n stapelbou
Van marmer wat krul en beef... (Jan F.E. Celliers)*

En die Antichris? Hy is reeds op die aarde. Hy het egter nog nie in lewende lywe aan ons verskyn nie. Tot dan werk hy aanhoudend in die geheim (2 Thess. 2:7). Sigbaar het hy egter sy handlangers, die antichriste in die kerk (die vals predikers - 1 Joh. 2:18, 19) en in die wêreld (baie van die politieke staatshoofde, die “konings van die aarde” - Openb. 18:9). Dit is ontsettend onheilspellend, want met die

Antichris se sigbare verskyning sal hy daarin slaag om die geïnstitueerde kerk oor te neem (2 Thess. 2:4; Openb. 11:7) en in die internasionale politiek sal hy die bewonderenswaardige heerser wees (Openb. 13:3).

Maar, en dit is die gemeente se troos, Jesus Christus sal deur sy wederkoms die Antichris verdelg (2 Thess. 2:8)! Dit is waarom dit in hierdie boek gaan. Dit kom in vyftien preke na vore - ou preke en gedeeltes daarvan wat vir toepassing in ons huidige tyd vernuwe is.

“Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag...?”
(Jesaja 21:11)

V.E. d’Assonville
Pretoria
April 2006

1 HY KOM GOU - MAAR HY NEEM OOK SY TYD

Lees: Psalm 90; 2 Petrus 3.

Teks: 2 Petrus 3:8 - 9: *“Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.”*

Die ou Romeine het ‘n spreekwoord gehad: “Haas jou langsaam”. Doen ‘n ding gou, maar moenie oorhaastig wees nie. Dit spreek van wysheid. As die Here egter ‘n ding doen, dan is dit alles volmaak - volmaakte haas, maar ook binne ‘n volmaakte tyd.

“Kyk, Ek kom gou”. Voortdurend en tot op die laaste bladsy van die Bybel, sê Jesus Christus dit vir ons (Openb. 3:11; 22:7, 12, 20). Hy kom ook onverwags soos ‘n dief in die nag (Matt. 24:43; 1 Thess. 5:2; 2 Petr. 3:10).

Die apostel Petrus waarsku die gemeente baie ernstig en daardeur vir die kerk van vandag dat ons oor die wederkoms van Jesus Christus nie verkeerd moet dink nie. Ons moet ook nie verkeerd daaroor praat of preek nie. Gewoonlik is daar foute wat met die oordeelsdag en Christus se koms gemaak word. Dit is juis wat daar in die kerk in Petrus se tyd gebeur het. Toe was daar valse predikers wat vals dinge van die preekstoel verkondig het. Onder andere het hulle gesê: “Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af” (3:4). Die Here het belooft “Ek kom gou”, maar die jare gaan een na die ander verby sonder dat daar iets gebeur en hierdie belofte word nie

2

ANTICHRIS EN ANTICHRISTE

Lees: 1 Johannes 2; Matthéüs 16:13-18.

Teks: 1 Johannes 2:18-19: “*Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie*”.

Johannes, die dissipel van Jesus Christus, het vyf boeke van die Nuwe Testament geskryf: die Evangelie, drie briewe aan die kerk en die boek Openbaring. Die drie briewe aan die kerk is gerig aan ‘n gemeente wat hy bedien het en hulle het mekaar goed geken. As hy dan ook praat van die koms van die Antichris, dan is dit nie vir die gemeente nuus nie, maar dit gaan oor ‘n saak, só sê hy, “soos julle gehoor het”. In ander woorde skryf Johannes: “Onthou julle nog, ek het dit vir julle gepreek en julle het gehoor: die Antichris kom!”

Dit is juis in hierdie Skrifgedeelte waar ons die heel eerste keer die naam Antichris in die Bybel hoor. Trouens, Johannes is die enigste Bybelskrywer wat onder inspirasie van die Heilige Gees, hierdie teenstander van Christus so direk by sy naam noem. Verder, as hy van hom praat, dan gebruik hy in die oorspronklike taal nie die woordjie *die* nie. Hy praat bloot van *Antichris* - dit is sy naam. As hy hom in vers 22 beskryf as die een “wat die Vader en die Seun loën”, dan noem hy hom egter *die* Antichris. Ook in sy tweede brief, vers 7, noem Johannes hom nog een keer direk en dit is wanneer hy die Antichris as *die verleier* van dwaalleraars in die kerk beskryf. In die oorspronklike taal noem Johannes hom “Antichristus”. Hierdie

3

DIE VERWOESTING VAN DIE KERK

Lees: Daniël 12; Matthéüs 24:15 - 28 .

Teks: *“En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word...” (Daniël 12:11).*

“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek word deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom - laat hy wat lees oplet - dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug...” (Matt. 24:15, 16).

Die “gruwel van die verwoesting wat in die heiligdom staan”, is ‘n teken van Jesus Christus se wederkoms. Dit sê Hy self en hy wys daarop dat dit ‘n profesie van Daniël is. Dit is die verwoesting van die sigbare, georganiseerde kerk in die eindtyd - die gemeente op ‘n bepaalde plek. Eers was dit die tempel van die Ou Testament; in ons tyd is dit die Nuwe Testamentiese kerk van Jesus Christus.

Nadat Hy in Matthéüs 24 ‘n reeks van tekens wat sy wederkoms voorafgaan, aangekondig het, volg hierdie teken van die gruwel van verwoesting in die tempel waarvan Daniël geprofeteer het. Voorop vind ons die valse christusse in vers 5. Onmiddellik het ons met die antichriste te doen waarvan die apostel Johannes in sy eerste brief in hoofstuk 2:18 praat. En na hierdie eerste sigbare teken volg die oorloë, hongersnode, pessiektes en aardbewings (Matt. 24: 6 en 7). “Maar”, so sê Jesus in vers 8, “al hierdie dinge is ‘n begin van die smarte”. Êrens in die wêreld, of by ons, is daar ‘n oorlog of ‘n aardbewing of ‘n siekte-epidemie of hongersnood of daar loop leraars rond wat sê dat hulle verlossers is, valse christusse, “maar dit is nog nie die einde nie” (vers 6). Dit is nog net die begin van die einde. Die